- (a) Any person erecting a tombstone on any grave shall, if required to do so by the Superintendent, provide a reinforced concrete block over the breadth of the grave. Such block shall extend over the grave with each end resting on solid ground to an extent of not less than 30 centimetres to serve as a base for the tombstone. The design and specifications of such concrete block shall be subject to the approval of the Superintendent.
- (b) The underside of every flat stone memorial and the base of every monument or headstone shall be at least 5 centimetres under the natural surface of the ground.

behoorlik toegemaak en verseël word tot bevrediging van die Raad en die Geneeskundige Gesondheidsbeampte.

45. OPRIGTING VAN GRAFWERK:

- (a) 'n Toereikende tekening en beskrywing van elke grafkelder, baksteengraf, grafsteen, gedenksteen, monument, tralie, heining, ketting of ander struktuur wat bedoel is vir oprigting in 'n kerkhof moet aan die Raad voorgelê word vir sy goedkeuring. Daar mag onder geen omstandighede met sodanige werk begin word voordat die Raad die tekening en beskrywing skriftelik goedgekeur het nie en daar mag verder nie van 'n tekening en beskrywing wat die Raad goedgekeur het afgewyk word sonder die Raad se skriftelike toestemming nie. Die Raad kan sy magte tot goedkeuring en toestemming kragtens hierdie regulasie oordra aan enige van sy amptenare.
- (b) Niemand mag enige grafwerk op 'n graf oprig buiten in 'n posisie wat die Superintendent goedkeur nie.
- (c) Niemand mag enige materiaal met die doel om enige grafwerk of baksteen- of klipwerk op 'n grafruimte op te rig in 'n kerkhof bring nie tensy
 - (i) alle gelde ten opsigte van sodanige grafruimte ten volle betaal is en
 - (ii) die Raad sy goedkeuring vir sodanige oprigting gegee het.

46. AFKEUR VAN GRAFWERK: Die Raad kan die oprigting van enige beoogde grafwerk wat syns insiens minderwaardig is wat betref afwerking of gehalte of 'n kerkhof enigsins kan ontsier of wat bereken is om die gevoelens van die publiek te krenk, verbied.

47. SKENDING ENS. VAN GRAFWERK: Niemand mag op enige grafwerk, muur, gebou, heining, hek of ander bouwerk in 'n kerkhof sit, staan of daarop of daaronder klim nie. Voorts mag niemand daarop enige merke maak, teken, skryf of advertensies aanbring of dit in enige wyse skend nie.

48. HOUTGEDENKTEKENS: Niemand mag pale of gedenktekens van hout in 'n kerkhof oprig nie.

49. VERWAARLOOSDE GRAFWERK: Waar enige grafwerk in so 'n vervalle toestand raak dat dit, volgens die Raad se mening, 'n gevaar vir ander grafwerk of 'n ontsiering van die kerkhof is, moet die Raad een of meer van die naasbestaandes van die oorledene daarvan in kennis stel indien sodanige persone se adres bekend is. Bly sodanige naasbestaandes in gebreke om die vervalle grafwerk te herstel binne een maand na genoemde kennisgewing, sal die Raad die reg hé om die grafwerk te verwijder of anders na goedunke daarmee te handel.

Waar geen adres van enige naasbestaande(s) bekend is nie kan die Raad sodanige kennisgewing in 'n nuusblad, wat in Suidwes-Afrika uitgegee word publiseer.

50. TOESIG OOR WERK: Enigiemand wat enige werk in 'n kerkhof verrig moet dit onder die toesig en to bevrediging van die Superintendent verrig.

51. SKADE AAN GRAFWERK: Die Raad sal onder geen omstandighede aanspreeklik wees vir skade wat te eniger tyd en weens welke oorsaak ookal aan enige grafwerk veroorsaak word nie.

52. VOORSKRIF VIR DIE AANBRING VAN GRAFWERK: By die oprigting van enige grafwerk in 'n kerkhof moet die volgende bepalings stiptelik nagekom word:

- (a) Enigiemand wat 'n grafsteen op 'n graf wil oprig moet, in dien die Superintendent dit vereis, 'n blok van versterkte beton oor die breedte van die graf aanbring. Sodanige blok moet aan weerskante van die graf minstens 30 sentimeter ver op vaste grond rus om as voetstuk vir die grafsteen te dien. Die ontwerp en spesifikasies van sodanige betonblok is onderhewig aan die goedkeuring van die Superintendent.
- (b) Die onderkant van elke plat klipgedenksteen en die basis van elke monument of kopsteen moet minstens vyf sentimeters onder die natuurlike oppervlakte van die grond geplaas word.

- (c) No border stones shall be more than 22 centimetres above the surface of the ground or extend more than 20 centimetres below the surface of the ground without the consent of the Council.
- (d) All headstones shall be securely attached to the base to the satisfaction of the Superintendent.
- (e) No soft stone shall be used for any memorial work.
- (f) The base stone of any monument shall be in proportion to the size and weight of the structure to be erected thereon and the Superintendent shall decide how this regulation shall be complied with.

53. VEHICLES AND TOOLS: Any person engaged in any work upon any grave or grave space shall provide such vehicles and tools as may be required by him, provided that no such vehicles or tools shall be of such a nature that the use thereof shall constitute a contravention of these regulations.

54. RUBBISH AND DEBRIS: No person shall at any time leave any rubbish, loose soil, stone or other debris within any cemetery or in any way damage or deface any part of any cemetery or anything therein contained.

55. CESSION OF WORK: No person shall bring any memorial work or material within any cemetery or carry out any work therein from 12 noon on Saturdays until 8 a.m. on the following Monday.

56. UNSUITABLE WEATHER: No person shall erect any memorial work in inclement weather or while the ground is in the opinion of the Superintendent in an unfit state.

57. PRODUCTION OF PERMIT: Any person in charge of or carrying out any work within a cemetery shall on demand produce written permission to carry out such work.

58. PENALTIES: Any person found guilty of a contravention of these regulations shall be liable to a fine not exceeding £25 or in default of payment to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding 3 months.

SCHEDULE A.

The fees enumerated in column 1 will be levied by the Council until and including 13th February 1961; as from 14th February 1961 the fees enumerated in column 2 will be levied:—

	Column 1	Column 2
(a) Purchase of right of Interment in Grave space	£4. 0. 0	R8.00
(b) Burial Fees:		
(1) Adults	4. 0. 0	R8.00
(2) Children	2.10. 0	R5.00
(3) Ashes in Niche	1. 0. 0	R2.00
(c) Use of Hearse	1. 5. 0	R2.50
(d) Exhumation Fees:		
(1) If done by Council	50. 0. 0	R100.00
(2) If done by authorised person	5. 0. 0	R10.00
(e) Transfer of Grave space	5. 0	R0.50

No. 144.]

[15th July, 1960.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by sections *five*, *seven* and *eight* of the Electric Power Proclamation 1922 (Proclamation No. 4 of 1922), as amended by section *three* of the Electric Power Proclamation Amendment Proclamation 1927 (Proclamation 27 of 1927), read with sections *one hundred and sixty* and *one hundred and ninety-nine* of the Municipal Ordinance 1949, (Ordinance No. 3 of 1949), as amended, to approve of the following amendment to the Model Electricity Supply Regulations published under Government Notice No. 109 of 1957, as applied to the Municipality of Luderitz by Govern-

- (c) Geen kantsteen mag sonder die Raad se toestemming meer as twee-en-twintig sentimeters bo-kant die oppervlakte van die grond uitsteek nie, of dieper as twintig sentimeters onder die oppervlakte van die grond stek nie.
- (d) Alle kopstene moet ten genoeë van die Superintendent, stewig aan die basis vasgeheg word.
- (e) Geen sagte klip mag vir enige gedenksteen gebruik word nie.
- (f) Die basis van enige gedenksteen moet in verhouding wees met die grootte en gewig van die struktuur wat daarop kom en die Superintendent sal beslis hoe hierdie bepaling nagekom moet word.

53. VOERTUIE EN GEREEDSKAP: Enigiemand wat aan 'n graf of grafruimte wil werk moet sy eie voertuie en gereedskap verskaf; met dien verstande dat geen van sodanige voertuie of gereedskap van so 'n aard moet wees dat gebruik daarvan op 'n oortreding van enige van hierdie regulasies neerkom nie.

54. VUILGOED EN PUIN: Niemand mag enige vuilgoed, los grond, klippe of ander puin in 'n kerkhof laat bly of op welke wyse ookal enige deel van 'n kerkhof of enigets daarin beskadig of ontsier nie.

55. STAKING VAN WERK: Niemand mag tussen 12 uur middag op 'n Saterdag en 8 uur v.m. op die daaropvolgende Maandag en op openbare vakansiedae grafwerk of materiaal in 'n kerkhof bring of daarin werk nie.

56. SLEGTE WEERSOMSTANDIGHDE: Niemand mag enige grafwerk in slegte weersomstandighede of wanneer die grond, volgens die Superintendent se mening, ongeskik is, oprig nie.

57. VERTONING VAN PERMIT: Enigiemand wat toesig hou oor of werk doen in 'n kerkhof moet op aanvraag skriftelike toestemming toon om sodanige werk te doen.

58. STRAWWE: Elkeen wat skuldig bevind word aan 'n oortreding van hierdie regulasies is strafbaar met 'n boete van hoogstens £25 of by wanbetaling met gevangenisstraf met of sonder dwangarbeid vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

BYLAE A.

Die fooie in kolom 1 sal deur die Raad gehef word tot en met 13 Februarie 1961; vanaf 14 Februarie 1961 word die fooie in kolom 2 gehef ;—

	Kolom 1	Kolom 2
(a) Aankoop van reg op Begraafing in Grafruimte	= £4. 0. 0	R8.00
(b) Begrafnisfooie:		
(1) Volwassene	4. 0. 0	R8.00
(2) Kinders	2.10. 0	R5.00
(3) Asse in Nis	1. 0. 0	R2.00
(c) Gebruik van Lykwa	1. 5. 0	R2.50
(d) Opdrawingsfooie:		
(1) Indien deur Raad gedoen	50. 0. 0	R100.00
(2) Indien deur gemagtigde persoon gedoen	5. 0. 0	R10.00
(e) Oordrag van Grafruimte	5. 0	R0.50

No. 144.]

[15 Julie 1960.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikels *vyf*, *sewe* en *agt* van die Elektriese Kracht Proklamatie 1922 (Proklamasie 4 van 1922) soos gewysig by artikel *drie* van die Elektrisiteits-proklamasie-wysigingsproklamasie 1927 (Proklamasie 27 van 1927), gelees met artikels *een honderd-en-sestig* en *een honderd nege-en-negentig* van die Municipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie No. 3 van 1949), soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysigings aan die Model Elektrisiteitsvoorsieningsregulasies afgekondig by Goewermentsknisgewing 109 van 1957 en van toepassing gemaak op

ent Notice No. 151 of 1957 and amended by Government Notices 228, and 333 of 1957; 24, 60, 210 of 1959 and 27 of 1960:—

MUNICIPALITY OF LUDERITZ

Amendment of Electricity Supply Regulations.

Appendix D is hereby amended by:—

- (a) the deletion of item (1) and the substitution of the following new item (1)
- 1. Domestic Tariff: Lighting, combined with domestic appliances 1/3 per unit, based on 5 units per living room as a minimum. 5d per unit thereafter. No higher minimum will be charged than as for 6 living rooms, provided, that where the consumption exceeds the minimum by more than 200 units, the charge will be 2d per unit for all units in excess of the prescribed minimum.
- (b) the deletion of the fifth paragraph under "Miscellaneous Charges", and the substitution therefor of the following new paragraph:—

For providing and laying a connection, actual cost to Council, plus 10%.

- (c) the deletion of the sixth paragraph under "Miscellaneous Charges".
- (d) the scale of rent for meters is hereby deleted, and the following new scale inserted:—

Singlephase 15 ampere meter	1/- per month;
Over 15 ampere up to 20 ampere	5/- per month;
Over 20 ampere up to 50 ampere	7/6 per month;
Over 50 ampere up to 200 ampere	10/- per month;
Over 200 ampere	12/6 per month.

- (e) These amendments come into operation on 1st July, 1960.

No. 145.]

[15th July, 1960.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section *one hundred and sixty*, read with section *one hundred and ninety-nine*, of the Municipal Ordinance 1949 (Ordinance No. 3 of 1949) as amended, to approve of the undermentioned amendment of the regulations published under Government Notice No. 66 of 1st April, 1960.

MUNICIPALITY OF OTAVI.

AMENDMENT OF THE WATER SUPPLY REGULATIONS.

The Water Supply Regulations of the Municipality of Otavi are hereby amended by the deletion of the figures "3/6" where it appears in paragraph 1 of Schedule 3, and the substitution thereof by the figures "2/6".

No. 146.]

[15th July, 1960.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers vested in him by section *one hundred and sixty*, read with section *one hundred and ninety-nine*, of the Municipal Ordinance, 1959 (Ordinance No. 3 of 1959), as amended, to approve of the undermentioned amendment of the regulations published under Government Notice 137 of 1959 as amended by Government Notice 256 of 1959.

MUNICIPALITY OF WINDHOEK.

AMENDMENT OF MEAT AND ABBATOIR REGULATIONS.

The Meat and Abattoir Regulations of the Municipality of Windhoek are hereby amended by substituting

die Munisipaliteit van Luderitz by Goewermentskennisgewing 151 van 1957 en gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 228 en 333 van 1957; 24, 60, 210 van 1959; en 27 van 1960:—

MUNISIPALITEIT VAN LUDERITZ.

Wysiging van Elektrisiteitsvoorsieningsregulasies

Byvoegsel D word hiermee gewysig deur:—

- (a) Die skrapping van item (1), en die vervanging daarvan deur die volgende nuwe item (1): —
- 1. Huishoudelike Tarief: Verligting tesame met huishoudelike toestelle 1/3 per eenheid, gebaseer op 5 eenhede per woonkamer as 'n minimum. 5d per eenheid daarna. Geen hoër minimum as vir 6 kamers sal gehef word nie, mits waar die verbruik die minimum met meer as 200 eenhede te boe gaan, sal 'n fooi van 2d per eenheid van toepassing wees op alle eenhede bo die voorgeskrewe minimum.

- (b) Die skrapping van die vyfde paragraaf onder „Verskillende Fooie”, en die vervanging daarvan deur die volgene nuwe paragraaf:—

Vir die voorsiening en aanlê van 'n verbinding teen die Raad se kosprys, plus 10%.

- (c) die skrapping van die sesde paragraaf onder „Verskillende Fooie”.
- (d) die skaal van huurgeld vir meters word hiermee geskrap, en deur die volgende nuwe skaal vervang:—

Enkelfase 15 ampere meter	1/- per maand;
Oor 15 ampere tot 20 ampere meter	5/- per maand;
Oor 20 ampere tot 50 ampere meter	7/6 per maand;
Oor 50 ampere tot 200 ampere meter	10/- per maand;
Oor 200 ampere meter	12/6 per maand.

- (e) Hierdie wysigings tree op 1 Julie 1960, in werkking.

No. 145.]

[15 Julie 1960.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleent by artikel *eenhonderd-en-sesig*, gelees met artikel *eenhonderd-nege-en-negentig* van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949) soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing no. 66 van 1 April 1960.

MUNISIPALITEIT VAN OTAVI.

WYSIGING VAN WATERLEWERINGSREGULASIES.

Die Waterleweringssregulasies van die Munisipaliteit van Otavi word hierby gewysig deur die skrapping van die bedragsyfer "3/6" waar dit voorkom in paragraaf 1 van Skedule B en die vervanging daarvan deur die Bedragsyfer ",2/6".

No. 146.]

[15 Julie 1960.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleent by artikel *eenhonderd-en-sesig*, gelees met artikel *eenhonderd-nege-en-negentig*, van die Munisipale Ordonnansie 1949 (Ordonnansie 3 van 1949), soos gewysig, sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysiging van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 137 van 1959, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing 256 van 1959.

MUNISIPALITEIT WINDHOEK.

WYSIGING VAN VLEIS- EN SLAGPLAASREGULASIES.

Die Vleis- en Slagplaasregulasies van die Munisipaliteit Windhoek word hiermee gewysig deur die bedrae

the amounts 17/6 and 10/- in lines one and two under the heading Fees for Slaughtering, Dressing and Inspection of the Tariff of Charges, with the amounts 18/- and 10/6 respectively.

No. 147.]

[15th July, 1960.

MODEL REGULATIONS IN REGARD TO ROAD TRAFFIC SIGNS.

The Administrator has been pleased, under and by virtue of the powers in him vested by section (14) of the Village Management Boards Ordinance, 1937 (No. 16 of 1937), as amended, to apply the Model Regulations Regarding Road Traffic Signs, as published under Government Notice No. 64 of the 23rd March, 1956, to the undermentioned Village Management Boards:—

Aranos
Aroab
Bethanie
Gochas
Koës
Leonardville
Maltahöhe
Stampriet
Tsumeb
Warmbad
Witvlei
Welwitschia.

No. 148.]

[15th July, 1960.

CIRCUIT DISTRICTS — SOUTH WEST AFRICA DIVISION OF THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA.

It is hereby notified for general information that in terms of Section seven (1) of the Supreme Court Act, 1959, (Act No. 59 of 1959), the area under the jurisdiction of the South West Africa Division of the Supreme Court of South Africa is hereby divided into Circuit Districts each comprising the area of the Magisterial Districts as set out; and that Government Notice No. 89 dated 16th April, 1960, is amended accordingly:—

1. The Districts of Bethanie, Gibeon, Keetmanshoop, Luderitz, Maltahohe and Warmbad.
2. The Districts of Gobabis, Grootfontein, Kaokoveld, Okahandja, Okavango, Otjiwarongo, Outjo, Ovamboland, Rehoboth, Tsumeb and Windhoek.
3. The Districts of Karibib, Omaruru, Swakopmund and Walvis Bay.

Dated at Windhoek this 1st day of July, 1960.

C. G. HALL.
Judge-President.

No. 149.]

[15th July, 1960.

ACTING SECRETARY FOR SOUTH WEST AFRICA: APPOINTMENT AS.

It is hereby notified for general information that Mr. WILLEM JACOBUS VAN DER MERWE has been appointed as Acting Secretary for South West Africa for the period 25th July, 1960 to 7th September, 1960, during the absence on leave of Mr. CHARL FRANCOIS MARAIS.

No. 902 (Union).]

[24th June, 1960.

The Minister of Transport has, in terms of section three of the Aviation Act, 1923 (Act No. 16 of 1923), as amended, made the regulations contained in the Schedule hereto.

17/6 en 10/- in reël een en twee onder die hoof Slag-, Afslag- en Inspeksieelde van die Heffingstarief met die bedrae 18/- en 10/6 onderskeidelik te vervang.

No. 147.]

[15 Julie 1960.

MODELREGULASIES INSAKE PADVERKEERTEKEN.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel (14) van die Ordonnansie op Dorpsbesture 1937 (Nr. 16 van 1937), soos gewysig, die Modelregulasies Insake Padverkeertekens, soos aangekondig by Goewermentskennisgewing 64 van 23 Maart 1956, op die onderstaande Dorpsbestuurrade van toepassing te maak: —

Aranos
Aroab
Bethanie
Gochas
Koës
Leonardville
Maltahöhe
Stampriet
Tsumeb
Warmbad
Witvlei
Welwitschia.

No. 148.]

[15 Julie, 1960.

RONDGANGDISTRIKTE — DIE SUIDWES-AFRIKA AFDELING VAN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat, ooreenkomsdig artikel sewe (1) van die Wet op die Hoogereghof, 1959 (Wet No. 59 van 1959), die regsgebied van die Suidwes-Afrika Afdeling van die Hoogereghof van Suid-Afrika hierby in rondgangdistrikte ingedeel word elk waarvan die gebied beslaan wat die landdrosdistrikte soos uiteengesit behels; en dat Goewermentskennisgewing No. 89 van 16 April 1960, dienooreenkomsdig gewysig word: —

1. Die distrikte Bethanie, Gibeon, Keetmanshoop, Luderitz, Maltahohe en Warmbad.
2. Die distrikte Gobabis, Grootfontein, Kaokoveld, Okahandja, Okavango, Otjiwarongo, Outjo, Ovamboland, Rehoboth, Tsumeb en Windhoek.
3. Die distrikte Karibib, Omaruru, Swakopmund en Walvisbaai.

Gedateer te Windhoek hierdie 1ste dag van Julie 1960.

C. G. HALL.
Regter-President.

No. 149.]

[15 Julie 1960.

WAARNEMENDE SEKRETARIS VAN SUIDWES-AFRIKA: AANSTELLING VAN.

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat mnr. WILLEM JACOBUS VAN DER MERWE aangestel is as Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika vir die tydperk 25 Julie 1960 tot 7 September 1960 gedurende die afwesigheid met verlof van mnr. CHARL FRANCOIS MARAIS.

No. 902 (Unie).]

[24 Junie 1960.

Die Minister van Vervoer het die regulasies in die bygaande Bylae vervat, kragtens artikel drie van die Luchtvaartwet, 1923 (Wet No. 16 van 1923), soos gewysig, gemaak.

SCHEDULE.

AIR NAVIGATION REGULATIONS 1950.

AMENDMENT LIST NO. 15.

The Air Navigation Regulations 1950, as promulgated by Government Notice No. 2762 of 30 December 1949, and as amended from time to time, are hereby further amended as follows: —

1. Regulation 10.15.(10) is amended by the substitution for the words —

"The holder of an aircraft maintenance engineer licence (Class II) shall be permitted to act in the capacity of a flight engineer in any aircraft for which he holds a type rating (including the engines) under categories A and C of his aircraft maintenance engineer licence (Class II);"

of the words

"Any person meeting the requirements of regulation B.1.16.(1)(a), (b) and (c) of Appendix B.1. shall be permitted to act in the capacity of a flight engineer;".

2. Regulation 10.16.(3) is amended by the insertion in the Afrikaans text after the word "vlieginstrukteursgraad" of the character "II".

3. Regulation 21.3 is amended by the substitution in the Afrikaans text for the word "waar" where it first appears, of the word "wanneer".

4. Regulation 29.3.(1)(a) is amended by the deletion of the expression "Sanlam Buildings, Pretorius Street" and by the substitution for the word "AVIATION" of the word "TRANSPORT".

5. Annexure A.1 of Appendix A is amended by the deletion of the expression "Third Floor, Sanlam Building", wherever it appears therein.

6. Annexure A.2 of Appendix A is amended by the deletion in Note 1 thereof of the expression "Third Floor, Sanlam Building".

7. Annexure A.4 of Appendix A is amended by the deletion of the expression "Third Floor, Sanlam Building" appearing therein.

8. Regulation B.1.2(1) of Appendix B.1. is amended by the substitution in the Afrikaans text for the word "gewone" appearing in paragraph 2 of the Note, of the word "ongewone".

9. Regulation B.1.2.(2)(b)(i) of Appendix B.1. is amended by the insertion in the English text after the expression "signed by a" of the words "Grade I or".

10. Regulation B.1.2.(2)(b)(ii) of Appendix B.1. is amended by the substitution in the Afrikaans text for the word "vlieginspekteur" of the word "vlieginstrukteur".

11. Regulation B.1.16(1) of Appendix B.1. is amended by the substitution for paragraph (c) of the following paragraph:—

"(c) (i) have at least three years practical experience in the maintenance and repair of aircraft and aircraft engines of which at least one year shall have been in the maintenance and repair of multi-engine aircraft with a maximum authorised weight of at least 25,000 lb. (11,400 kilograms), or

(ii) have at least 500 hours of flight experience as pilot-in-command of multi-engine aircraft with a maximum authorised weight of at least 25,000 lb. (11,400 kilograms), or

(iii) have completed an approved course of ground and flight instruction in at least the items prescribed in Annexure B.1.1.".

12. Regulation B.1.16(2) of Appendix B.1 is amended by the addition of the following paragraph —

- (c) satisfy the Commissioner for Civil Aviation that during the three months immediately preceding the date of application —

BYLAE.

LUGVAARTREGULASIES, 1950.

WYSIGINGSLYS NO. 15.

Die Lugvaartregulasies, 1950, soos aangekondig by Goewermentskennisgewing No. 2762 van 30 Desember 1949 en soos van tyd tot tyd gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:—

1. Regulasie 10.15(10) word gewysig deur die woorde —

"Die houer van 'n vliegtuigonderhoudingenieurslisensie (klas II) mag as boordingenieur optree in 'n lugvaartuig waarvoor hy 'n tipegraad (met inbegrip van die motore) ooreenkomsdig kategorie A en C van sy vliegtuigonderhoudingenieurslisensie (klas II) het;"

te vervang deur die woorde

"Enigeen wat voldoen aan die vereistes van regulasie B.1.16.(1)(a), (b) en (c) van Byvoegsel B.1., word toegelaat om in die hoedanigheid van 'n boordingenieur op te tree;".

2. Regulasie 10.16.(3) word gewysig deur in die Afrikaanse teks, na die woorde „Vlieginstrukteursgraad”, die letterteken „II” in te voeg.

3. Regulasie 21.3 word gewysig deur in die Afrikaanse teks die woorde „waar” waar dit vir die eerste keer voorkom, deur die woorde „wanneer” te vervang.

4. Regulasie 29.3.(1)(a) word gewysig deur die skraping van die woorde „Sanlam-gebou, Pretoriusstraat” en die vervanging van die woorde „Aviation” deur die woorde „TRANSPORT”.

5. Aanhangaal A.1 van Byvoegsel A word gewysig deur die uitdrukking „Derde Verdieping, Sanlamgebou”, waar dit ook al daarvan voorkom, te skrap.

6. Aanhangaal A.2 van Byvoegsel A word gewysig deur die uitdrukking „Derde Verdieping, Sanlamgebou”, wat in Opmerking 1 daarvan voorkom, te skrap.

7. Aanhangaal A.4 van Byvoegsel A word gewysig deur die uitdrukking „Derde Verdieping, Sanlamgebou” wat daarvan voorkom, te skrap.

8. Regulasie B.1.2.(1) van Byvoegsel B.1. word gewysig deur in die Afrikaanse teks die woorde „gewone” wat in paragraaf 2 van die Opmerking voorkom, deur die woorde „ongewone” te vervang.

9. Regulasie B.1.2.(2)(b)(i) van Byvoegsel B.1. word gewysig deur in die Engelse teks, na die uitdrukking „signed by a”, die woorde „Grade I or” in te voeg.

10. Regulasie B.1.2.(2)(b)(ii) van Byvoegsel B.1. word gewysig deur in die Afrikaanse teks die woorde „vlieginspekteur” deur die woorde „vlieginstrukteur” te vervang.

11. Regulasie B.1.16.(1) van Byvoegsel B.1. word gewysig deur paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang:—

"(c) (i) minstens drie jaar praktiese ondervinding opgedoen het van die onderhoud en reparasie van lugvaartuie en lugvaartuigmotore, en minstens een jaar van hierdie ondervinding moet ten opsigte van die onderhoud en reparasie van meermotorige lugvaartuie met 'n maksimum toelaatbare gewig van minstens 25,000 lb. (11,400 kilogram) wees,

(ii) minstens 500 uur ondervinding as gesagvoerde van 'n meermotorige lugvaartuig met 'n maksimum toelaatbare gewig van minstens 25,000 lb. (11,400 kilogram) opgedoen het, of

(iii) 'n goedgekeurde grond- en vliegonderrigkursus in minstens die items voorgeskryf in Aanhangaal B.1.1., meegebring het."

12. Regulasie B.1.16.(2) van Byvoegsel B.1. word gewysig deur die volgende paragraaf by te voeg —

- (c) die Kommissaris van Burgerlugvaart daarvan oortuig dat hy gedurende die drie maande onmiddellik voor die datum van aansoek —

- (i) he has demonstrated in flight his competency in emergency procedures on board the type or types of aircraft for which his licence is rated and in respect of which type or types the renewal of such rating is applied for, or
- (ii) he has demonstrated his competency in emergency procedures on a mechanical device or mechanical devices approved by the Commissioner for Civil Aviation as appropriate to the type or types of aircraft for which his licence is rated and in respect of which type or types the renewal of such rating is applied for.

13. Regulation 4, Part 1, of Annexure B.1.1. to Appendix B.1. is deleted and the following new regulation substituted therefor:—

“4. The principles of operation of engines and their component parts and accessories.”.

14. Regulation 23, Part 2, of Annexure B.1.1. to Appendix B.1. is deleted and the following new regulation substituted therefor:—

“23. Characteristics of particular engines and their component parts and accessories and methods of control used therefor.”.

15. Regulation 24, Part 2, of Annexure B.1.1. to Appendix B.1. is deleted and the following new regulation substituted therefor:—

“24. Types of fuel and oil used and refuelling procedures.”.

16. Part 2 of Annexure B.1.1. to Appendix B.1. is amended by the insertion therein of the following regulation:—

“26. Applicants for a flight engineer licence will, in addition to the above, be required to answer questions to demonstrate their knowledge of:

- (a) general principles of maintenance as applied to aircraft normally requiring a flight engineer, and
- (b) methods of effecting in flight minor repairs, adjustments and replacements.”.

- (i) in vlug sy bekwaamheid getoon het in noodprosedures aan boord die tipe lugvaartuig of tipes lugvaartuie waarvoor sy lisensie gegradeer is en ten opsigte waarvan daar aansoek gedoen word om die hernuwing van sodanige gradering, of
- (ii) sy bekwaamheid in noodprosedures getoon het deur middel van 'n meganiese toestel of meganiese toestelle wat die Kommissaris van Burgerlugvaart goedgekeur het as geskik vir die tipe lugvaartuig of tipes lugvaartuie waarvoor sy lisensie gegradeer is en ten opsigte waarvan daar aansoek gedoen word om die hernuwing van sodanige gradering.”.

13. Regulasie 4, Deel 1, van Aanhangaal B.1.1. van Byvoegsel B.1. word deur die volgende nuwe regulasie vervang:

4. Die beginsels waarvolgens motore, hul samestellende dele en toebehorens werk.”.

14. Regulasie 23, Deel 2, van Aanhangaal B.1.1. van Byvoegsel B.1. word deur die volgende nuwe regulasie vervang:

“23. Eienskappe van bepaalde motors, hul samestellende dele en toebehorens en die metodes wat vir die beheer daarvan gevolg word.”.

15. Regulasie 24, Deel 2, van Aanhangaal B.1.1. van Byvoegsel B.1. word deur die volgende nuwe regulasie vervang:

“24. Tipes brandstof en olie wat gebruik word en bunkerprosedures.”.

16. Deel 2 van Aanhangaal B.1.1. van Byvoegsel B.1. word gewysig deur die volgende regulasie in te voeg:

“26. Applikante wat om 'n boordingenieurslisensie aansoek doen, moet benewens bogenoemde vereistes vrae beantwoord om hul kennis van die volgende te toon:

- (a) algemene onderhoudbeginsels soos toegepas op lugvaartuie waarvoor daar gewoonlik 'n boordingenieur nodig is, en
- (b) metodes om kleinere reparasies, verstellings en vervangings gedurende vlugte uit te voer.”.

No. R. 931 (Union).]

[1st July, 1960.

CUSTOMS ACT, 1955. — IMPOSITION OF AN ORDINARY DUMPING DUTY (DUMP 23).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *eighty-three* of the Customs Act, No. 55 of 1955, hereby declare that an ordinary dumping duty, as defined in paragraph (a) of section *eighty-four* of the said Act, shall, in addition to any other duty payable thereon, be levied on goods classified, in the First Schedule to the said Act, under the tariff item mentioned in the first column of the Annexure hereto and specified in the second column thereof, if such goods are imported into the Union from or originate in the territory mentioned in the third column of the said Annexure.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

ANNEXURE.

Tariff Item.	Goods.	Territory.
ex 76(1)	Cotton linters.	Belgian Congo.

No. R. 932 (Union).]

[1st July, 1960.

CUSTOMS ACT, 1955. — IMPOSITION OF ORDINARY DUMPING DUTY. (DUMP 24).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *eighty-three* and section *eighty-six* of the Customs Act, No. 55 of 1955, hereby amend para-

No. R. 931 (Unie).]

[1 Julie 1960.

DOEANEWET, 1955. — OPLEGGING VAN 'N GEWONE DUMPINGREG (DUMP 23).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *drie-en-tig* van die Doeane-wet, No. 55 van 1955, verklaar hierby dat 'n gewone dumpingreg, soos in paragraaf (a) van artikel *vier-en-tig* van genoemde Wet omskryf, op goedere geklassifieer, in die Eerste Bylae van genoemde Wet, onder die tariefitem vermeld in die eerste kolom van die Aanhangaal hiervan en gespesifieer in die tweede kolom daarvan, gehef word bo en behalwe enige ander reg wat daarop betaalbaar is, indien sodanige goedere uit die gebied vermeld in die derde kolom van genoemde Aanhangaal in die Unie ingevoer word of uit daardie gebied afkomstig is.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

AANHANGSEL.

Tariefitem.	Goedere.	Gebied.
ex 76(1)	Katoenlinters	Belgiëse Kongo.

No. R. 932 (Union).]

[1st July, 1960.

CUSTOMS ACT, 1955. — IMPOSITION OF ORDINARY DUMPING DUTY. (DUMP 24).

DOEANEWET, 1955. — OPLEGGING VAN GEWONE DUMPINGREG (DUMP 24).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *drie-en-tig* en artikel *ses-en-tig* van die Doeane-wet, No. 55 van 1955, wysig hierby

graphs (1) and (2) of Government Notice No. 1832 of 6th November, 1959 (as amended), by the substitution for the following:

"86(a)(ii) Parts (including semi-finished parts) of pedal bicycles and pedal delivery tricycles, but excluding electric lamp bulbs, tyres, rubber pneumatic tyre covers and tubes, frames and frame sets, when imported separately
Czechoslovak Republic.
China.
Japan.
Hungary.
Belgium.
Kingdom of the Netherlands."

ex (A) Metal pedals and parts thereof; yoke and hinge brakes and parts thereof

(B) Other

of the following:

"86(a)(ii) Parts (including semi-finished parts) of pedal bicycles and pedal delivery tricycles, but excluding electric lamp bulbs, tyres, rubber pneumatic tyre covers and tubes, frames and frame sets, rubber blocks for pedals and brakes, caliper brakes and parts thereof, rear hubs and parts thereof, coaster hubs and parts thereof, reversible hubs and parts thereof, three-speed hub assemblies and parts thereof, three-speed hub controls and parts thereof, free-wheel assemblies and parts thereof, four-speed hubs and controls and parts thereof, driving chains, sprockets and rims.
Czechoslovak Republic.
China.
Hungary.
Japan.
Belgium.
Kingdom of the Netherlands."

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

NOTE: The purpose of this notice is to re-state the existing position more clearly.

No. R. 933 (Union).]

[1st July, 1960.

CUSTOMS ACT, 1955. — IMPOSITION OF AN ORDINARY DUMPING DUTY (DUMP 25).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *eighty-three* of the Customs Act, No. 55 of 1955, hereby amend paragraph (1) of Government Notice No. 1832 of 6th November, 1959, by the substitution for the following:

"ex 295(d) Plain or composite paper, United States of n.e.e., of a substance below 35 America.
grammes per square metre Sweden."

of the following:

"ex 295(d) Plain or composite paper, United States of n.e.e., in the original mill wrappers, flat or folded, not less America.
than 16 inches by 15 inches, or Sweden."
rolls, of a substance below 35 grammes per square metre, but excluding cigarette paper

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

NOTE: The effect of this notice is that ordinary dumping duty is no longer payable on cigarette paper classifiable under tarif item 295(d). At the same time the description has been amended to prevent any confusion.

paragrawe (1) en (2) van Goewermentskennisgewing No. 1832 van 6 November 1959 (soos gewysig) deur die volgende:

,86(a)(ii) Onderdele (met inbegrip van halfverwerkte onderdele) van trapfietse en -afleveringsdriewielers, maar uitgesonderd elektriese gloeilampe, buiterubberluguite- en binnebande, rame en raamstelle, indien afsonderlik ingevoer:
Republiek Tsjeggoslawake.
China.
Hongarye.
Japan.
België.
Koninkryk van die Nederlande."

ex (A) Metaaltrappe en onderdele daarvan; dubbelelmboogremme en onderdele daarvan
(B) Ander

deur die volgende te vervang:

,86(a)(ii) Onderdele (met inbegrip van halfverwerkte onderdele) van trapfietse en -afleveringsdriewielers, maar uitgesonderd elektriese gloeilampe, buiterubberluguite- en binnebande, rame en raamstelle, rubberblokkies vir trappe en remme, knypremme en onderdele daarvan, agternawe en onderdele daarvan, remnawe en onderdele daarvan, deurtrapnawe en onderdele daarvan, naafstelle vir drieversnellings en onderdele daarvan, oorskakelingstoestelle vir drieversnellingsnawe en onderdele daarvan, vrywieleenheid en onderdele daarvan, naafstelle vir vierversnellings en oorskakelingseenhede en onderdele daarvan, dryfkettings, trekratte en wielvellings.
Republiek Tsjeggoslawake.
China.
Hongarye.
Japan.
België.
Koninkryk van die Nederlande."

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

OPMERKING: Die bedoeling van hierdie kennisgewing is om die huidige posisie duideliker uiteen te sit.

No. R. 933 (Unie).]

[1 Julie 1960.

DOEANEWET, 1955. — OPLEGGING VAN 'N GEWONE DUMPINGREG (DUMP 25).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *drie-en-tig* van die Doeane-wet, No. 55 van 1955, wysig hierby paragraaf (1) van Goewermentskennisgewing No. 1832 van 6 November 1959 deur die volgende:

,,ex 295(d) Papier, gewoon of saamgestel, n.e.v., met 'n swaarte van minder as 35 gram per vierkante meter Verenigde State van Amerika.
Sweden."

deur die volgende te vervang:

,,ex 295(d) Papier, gewoon of saamgestel, n.e.v., in die oorspronklike fabrieksomslag, plat of gevou, nie minder as 16 duim by 15 duim nie, of in die oorspronklike fabrieksklosse of -rolle, met 'n swaarte van minder as 35 gram per vierkante meter, maar uitgesonderd sigaret-papier.
Verenigde State van Amerika.
Sweden."

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

OPMERKING: Die uitwerking van hierdie kennisgewing is dat gewone dumpingreg nie meer op sigaret-papier wat onder tariefitem 295(d) ressorteer betaalbaar is nie. Terselfdertyd is die omskrywing gewysig om enige twyfel te verwijder.

No. 937 (Union).]

[1st July, 1960.]

No. 937 (Unie).]

[1 Julie 1960.]

DEPARTMENT OF RAILWAYS, HARBOURS AND AIRWAYS: AMENDMENT TO GENERAL RAILWAY REGULATIONS.

His Excellency the Governor-General has, by virtue of Section *three* of the Railways and Harbours control and Management (consolidation) Act (No. 70 of 1957), been pleased to approve of the amendment of General Railway Regulations No. 1 by the deletion therefrom of the definition of "O.R. or owner's risk" and by the addition thereto of the following new paragraphs (b) and (c), the existing regulation becoming regulation 1 (a):—

"(b) Whenever in these regulations or in the *Official Railways Tariff Book* it is stated that the transport of goods is at "owner's risk" or "O.R.", it shall mean that, subject to the provisions of paragraph (c) of this regulation, the transport of the goods is undertaken by the Administration on the special condition that the Administration shall not be liable for loss, damage, shortage or delay except upon proof, by the consignor or consignee, that such loss, damage, shortage or delay was occasioned by and through the wilful misconduct of the Administration's servants.

(c) Notwithstanding the provisions of paragraph (b) of this regulation, where goods are checked by a servant of the Administration at the time of acceptance for transport and are consigned for conveyance by rail only from a station to another station, the fact that the transport of such goods is at owner's risk shall not exempt the Administration from any liability which, but for that fact, would have been incurred by it by reason of —

- (i) non-delivery, not due to accidents of trains or to fires, of the whole of a consignment, or of any separate package forming part of a consignment, addressed in accordance with Clause 18 of the *Official Railway Tariff Book*;
- (ii) pilferage from package protected otherwise than by paper or other packing readily removable by hand, provided the pilferage is pointed out to a servant of the Administration on or before delivery;
- (iii) loss arising from delay to a consignment, addressed in accordance with Clause 18 of the *Official Railway Tariff Book*:

Provided that the Administration shall not be liable in any of the cases mentioned in sub-paragraph (i), (ii) or (iii) above, if it proves that the non-delivery, pilferage or delay, as the case may be, was not attributable to negligence or wilful misconduct on the part of its servants."

No. R. 942 (Union).]

[1st July, 1960.]

CUSTOMS ACT, 1955. — IMPOSITION OF ORDINARY DUMPING DUTY. (DUMP 26).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *eighty-three* and section *eighty-six* of the Customs Act, No. 55 of 1955, hereby amend paragraphs (1) and (3) of Government Notice No. 1832 of 6th November, 1959, by the substitution, for the following:

"ex 168(1) Emery, corundum and similar abrasives, in the form of wheels and discs. Federal Republic of Germany. Western Sectors of Berlin."

of the following: —

"ex 168(1) Emery, corundum and similar abrasives, in the form of resin-bonded wheels, blocks, bricks, Federal Republic of Germany. Western Sectors of

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË, HAWENS EN LUGDIENS: WYSIGING IN ALGEMENE SPOORWEG-REGULASIES.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om kragtens artikel *drie* van die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens (Wet 70 van 1957) goedkeuring te verleen aan die wysiging van Algemene Spoorwegregulasie no. 1 deur die omskrywing van „e.r. of eienaarsrisiko” te skrap en die volgende nuwe paragrawe (b) en (c) by te voeg; die bestaande regulasie no. 1 word dan regulasie 1 (a):

„(b) Wanneer daar in hierdie regulasies of in die *Offisiële Spoorwegtariefboek* gemeld word dat goedere op „eienaarsrisiko” of „e.r.” of „E.R.” vervoer word, beteken dit dat die Administrasie, onderworpe aan die bepalings van paragraaf (c) hiervan, die vervoer van die goedere onderneem op die uitdruklike voorwaarde dat die Administrasie nie aanspreeklik is vir verlies, skade, tekort of vertraging nie, behalwe waar die afseender of geadresseerde bewys dat sodanige verlies, skade, tekort of vertraging veroorsaak is deur en weens die opsetlike wangedrag van die Administrasie se dienare.

(c) Waar goedere tydens aanname vir vervoer na gesien word deur 'n dienaar van die Administrasie en net per spoor afgestuur word van een stasie na 'n ander, word die Administrasie ondanks die bepalings van paragraaf (b) hiervan nie as gevolg van die feit dat sulke goedere op eienaarsrisiko vervoer word, van aanspreeklikheid onthel wat hy, as dit nie vir daardie feit was nie, sou opgeloop het uit hoofde van —

- (i) nie-aflewering wat nie aan treinongelukke of brand te wye is nie, van 'n hele besending of van 'n afsonderlike pak/pakkie wat deel van 'n besending uitmaak wat ooreenkomsdig die bepalings van klousule 18 van die *Offisiële Spoorwegtariefboek* geadresseer is;
- (ii) ontfutseling uit pakke/pakkies wat op 'n ander wyse beskerm is as met papier of ander verpakking wat geredelik met die hand verwyn kan word, mits die ontfutseling voor of tydens aflewering onder die aandag van 'n dienaar van die Administrasie gebring word;
- (iii) verlies as gevolg van vertraging van 'n besending wat ooreenkomsdig die bepalings van klousule 18 van die *Offisiële Spoorwegtariefboek* geadresseer is:

Met dien verstande dat die Administrasie in geen een van die gevalle in sub-paragraaf (i), (ii) of (iii) hierbo vermeld, aanspreeklik is as hy bewys dat die nie-aflewering, ontfutseling of vertraging, na gelang van die geval, nie aan nalatigheid of opsetlike wan gedrag van die kant van sy dienare te wye was nie".

No. R. 942 (Unie).]

[1 Julie 1960]

DOEANEWET, 1955. — OPLEGGING VAN GEWONE DUMPINGREG (DUMP 26).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleent by artikel *drie-en-tig* en artikel *ses-en-tig* van die Doeane wet, No. 55 van 1955, wysig hierby paragrawe (1) en (3) van Goewermentskennis gewing No. 1832 van 6 November 1959 deur die volgende:

„ex 168(1) Amaril, korund en dergelike skuurmiddels, in die vorm van wiele en skywe. Federale Republiek van Duitsland. Westelike Sektors van Berlyn.”

deur die volgende te vervang: —

„ex 168(1) Amaril, korund en dergelike skuurmiddels, in die vorm van harsverbonde wiele, blokke, ste- Federale Republiek van Duitsland. Westelike Sektors

cones, segments, sticks and Berlin." mounted points.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

NOTE: The purpose of this notice is to indicate that abrasives in the form of paper and cloth are not liable to ordinary dumping duty.

ne, keëls, segmente, stiffies en van Berlyn." gemonteerde punte.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

OPMERKING: Die bedoeling van hierdie kennisgewing is om aan te dui dat skuurmiddels in die vorm van papier en doek nie aan gewone dumpingreg onderhewig is nie.

No. R. 943 (Union).]

[1st July, 1960.]

CUSTOMS ACT, 1955. — IMPOSITION OF AN ORDINARY DUMPING DUTY (DUMP 27).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *eighty-three* of the Customs Act, No. 55 of 1955, hereby declare that an ordinary dumping duty, as defined in paragraph (a) of section *eighty-four* of the said Act, shall, in addition to any other duty payable thereon, be levied on goods classified, in the First Schedule to the said Act, under the tariff items mentioned in the first column of the Annexure hereto and specified in the second column thereof, if such goods are imported into the Union from or originate in the territory mentioned in the third column of the said Annexure.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

ANNEXURE.

<i>Tariff Item.</i>	<i>Goods.</i>	<i>Territory.</i>
139(a)	Household refrigerators	Italy
139(b)	Cabinets without fittings or completely fitted out, for household refrigerators	Italy

No. 950 (Union).]

[1st July, 1960.]

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL:

RULES RELATING TO THE CONDUCT OF BUSINESS OF THE COUNCIL AND OTHER MATTERS.

The Minister of Health, in exercise of the powers conferred on him by sub-section (4) of section *ninety-four* of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), has approved of the following amendments of the rules relating to the conduct of business of the South African Medical and Dental Council made by the said Council under sub-section (2) of the said section of the Act and published under Government Notice No. 2354 of the 24th December, 1930, as amended:

In Rule 20 —

(i) by the deletion of 'Dental Committee — Consisting of the President and three dentists', and the substitution therefor of the following:

'Dental and Dental Specialists Committee — Consisting of the President and five dentists';

(ii) by the deletion of 'Specialists Committee (Dental) — Consisting of the President and three dentists'.

In Rule 22 —

(i) by the deletion of 'Dental Committee — Three, of whom two shall be dentists', and the substitution therefor of, 'Dental and Dental Specialists Committee — Three, of whom two shall be dentists';

(ii) by the deletion of 'Specialists Committee (Dental) — Two'.

In Rule 23 —

by the deletion of rule 23(c) and the substitution therefor of the following:

No. R. 943 (Unie).]

[1 Julie 1960.]

DOEANEWET, 1955. — OPLEGGING VAN 'N GEWONE DUMPINGREG (DUMP 27).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleent by artikel *drie-en-tagtig* van die Doeane-wet, No. 55 van 1955, verklaar hierby dat 'n gewone dumpingreg, soos in paragraaf (a) van artikel *vier-en-tagtig* van genoemde Wet omskryf, op goedere geklassifiseer, in die Eerste Bylae van genoemde Wet, onder die tariefitems vermeld in die eerste kolom van die Aanhangsel hiervan en gespesifieer in die tweede kolom daarvan, geheg word bo en behalwe enige ander reg wat daarop betaalbaar is, indien sodanige goedere uit die gebied vermeld in die derde kolom van genoemde Aanhangsel in die Unie ingevoer word of uit daardie gebied afkomstig is.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

AANHANGSEL.

<i>Tariefitem.</i>	<i>Goedere.</i>	<i>Gebied.</i>
139(a)	Huishoudelike koelkaste	Italië
139(b)	Kabinette sonder toebehore of volledig toegeruste kabinette, vir huishoudelike koelkaste	Italië

No. 950 (Unie).]

[1 Julie 1960.]

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD:

REËLS BETREFFENDE DIE BEHANDELING VAN DIE SAKE VAN DIE RAAD EN ANDER AANGELEENTHEDEN.

